se student tot 'n dekade gelede nog gewoond was. Sonder om alles wat die Afrikaner in die verlede gedoen het by voorbaat in die lig van hedendaagse standpunte af te kraak, gee hy 'n kritiese siening weer.

Hy gooi talle vroeëre konsepte en mites oorboord. Die Groot Trek is nie meer die sentrale tema nie, maar bly 'n belangrike gebeurtenis; dit word nie beskou as 'n nasionale beweging of selfs 'n beweging wat deur 'n nasionale gevoel veroorsaak is nie. Ook die Slag by Bloedrivier word nie meer as die sentrale gebeurtenis van die Groot Trek of van die periode voorgehou nie.


Verder word 'n nuwe begrip in 'n algemene Afrikaanse geskiedeniswerk ingebring, naamlik die 'oop' en 'sluitende' grensgebied (p. 117). Tendense en gebeurtenisse word dan aan die hand daarvan verklaar. Die indruk word onwillekeurig gelaat dat die historiese persoon handel ooreenkomstig die stand van die grens op 'n gegewe tydstip.

By inheemse eiename volg die skrywer die ortografie van die onderhawige taal. Ongelukkig het enkele foute ingesluip, soos by Hintsa wat in die register en op p. 222 as Hintza verskyn (die register verwys ook nie na pp. 221 en 222 waar die naam wel voorkom nie), en by Tyhume ('n sytak van die Keiskammarivier) waar die on-Xhosa-vorm Tjumie in die register en al die verwysings gebruik word. Hintsa word terloops ook verontreg waar die skrywer beweer dat hy die Rharhabe-inval van 1834-1835 in die Kaapkolonie ondersteun het (p. 231).

'n Ernstige leemte in dié werk is dat die Suid-Afrikaanse geskiedenis nog grootliks in isolasie bestudeer en verklaar word. Behalwe algemene verwysings na die Britse owerhede word Britse beleidsveranderinge hoofsaaklik in die lig van Suid-Afrikaanse omstandighede verklaar. Geen verwysing word na 'n spesifieke Britse regering, minister, of party gemaak nie. 'n Opvallende voorbeeld is Brittanje se behoud van een geannekseerde Voortrekkergebied (Natal), teenoor sy gelyktydige onttrekking aan die latere Oranje-Vrystaat en Transvaal. Nog 'n voorbeeld is die verwysing na filantrope sonder om ooit lord Glenelg te vermeld!

Daar kan geen twyfel bestaan nie dat *Geskiedenis van Suid-Afrika tot 1854* 'n geslaagde en nuttige handboek vir eerstejaars behoort te wees. En ofskoon dit nie as 'n handboek in streekgeskiedenis opgestel is nie, kan dit 'n bron van waardevolle inligting wees oor byvoorbeeld grensgebiede, binnelandse stamme en groepe, vestigingspatrone, migrasiebewegings en dergelike meer.

*JAN PRETORIUS*
*Universiteit van die Noorde*




P.J. VAN DER MERWE. *Die noordwaartse beweging van die boere voor die Groot Trek (1770-1842)*. (Voorwoord deur B.J. Liebenberg.) Staatsbiblioteek-herdruk, Pretoria 1988. 400 pp. Geïll. R25,00 (eksklusief). ISBN 0 7989 1346 0.

Ten spyte van groter diversifisering en verbreding in die tematiek van die Suid-Afrikaanse historiografie sedert die 1970's bestaan daar steeds net een reeks gesaghebbende werke oor die trekboersamelewing aan die Kaap gedurende die 18de en 19de eeu — die trekboertrilogie van P.J. van der Merwe. As in aanmerking geneem word dat sy werke ongeveer 50 jaar gelede uitgegee is en haas onverkrygbaar geword het, moet die Staatsbiblioteek se herdruk van die eerste deel van die trilogie verwelkom word.

Historiograwe uit verskillende historiese tradisies het Van der Merwe se werk die afgelope sowat tien jaar as't ware herontdek. In geskrifte van byvoorbeeld F.A. van Jaarsveld, Albert Grundlingh, Peter Delius, William Beinart, Ken Smith en C.C. Saunders word Van der Merwe onder meer aangeprys as baanbreker van die agrariese en sosiale geskiedenis, as die daarsteller van nuwe standaarde van wetenskaplikheid en benutter van andersoortige bronne as bloot die konvensionele argivale dokumente. Hy word voorts bestempel as 'n meester van bronnekritiek en 'n historikus wat met sy trekboertrilogie een van die betekenisvolste bydraes tot die Suid-Afrikaanse historiografie voor 1945 gemaak het. Bowenal word hy uitgesonder as 'n Afrikaner-historikus wat nie die eng nasionalistiese geskiedvisie van sy tyd aangehang het nie. Die grensboere wat hy bestudeer, het immers lojaal aan die Britse regering gebly en in teenstelling met die Voortrekkers nie die republikeinse ideaal nagestreef nie.

Van der Merwe was inderdaad 'n individualis wat in 'n tyd toe militêr-politieke geskiedenis in die Rankeaanse tradisie hoogty gevier het, eerder gekonsentreer het op die sosiaal-ekonomiese tema van die trekboersamelewing in die Kaapse grensgebied.

*Die noordwaartse beweging van die boere voor die Groot Trek* is oorspronklik in 1937 as proefskrif onder die bekende Johan Huizinga aan die Rijksuniversiteit van Leiden aanvaar toe P.J. van der Merwe slegs 25 jaar oud was. Dit sou bykans sinneloos wees om die herdruk van so 'n bekende werk opnuut aan die hand van 'n inhoudsontleding te beoordeel of bekend te stel. Ter wille van perspektief is enkele opmerkings tog nodig.

Soos Van der Merwe nie huiwer om opvattings van Theal en Cory in twyfel te trek nie, so is kritiek ook al teen sy werk uitgespreek. Shula Marks verskil byvoorbeeld skerp van sy beskouing dat veediefstal deur die San weens honger eerder as uit weerstand teen grensboerindringing gepleeg is. Van der Merwe se gevolgtrekking dat Boesmanland vreedsaam gekoloniseer is, kan dus bevraagteken word. Ook sal veral revisionistiese historici nie saamstem met sy waarneming dat onder die trekboere nie verskille in 'stand' (klas?) geheers het nie. Dit is moeilik om te aanvaar dat die arm bywoners op gelyke voet met die onafhanklike besitterklas was.


Van der Merwe bly weliswaar objektief, ondersoek alle kante van 'n saak, spreek nie oordele uit nie en raak ook nie emosioneel by sy onderwerp betrokke nie. Tog bly sy werk blanksentries en regverdig dit in hoë mate die trekboer se gebiedsuitbreiding. In hulle interaksie met die trekboere bly die San onbeskaafde en onderontwikkelde rowers, moordenaars en diewe teen wie die boere hulle moet beskerm. Die San word egter 'arme Boesmans' as ander inheemse bewoners soos die Griekwa, Korana en swart groepe hulle beroof. Die Griekwa pleeg 'barbaarse wreedhede', maar die trekboere is 'vreedsame besoekers' in die San se gebied.

Sommige historici sal Van der Merwe se annotering soms ietwat yl vind. So sou bronverwysings ter stawing van 'n stelling soos dié op bladsye 157 en 164 wat met die boere se 'menseliefde' verband hou, beslis nuttig wees. Van der Merwe bly egter ook vasgevang in die denkpatrone en vooroordele van sy tyd en sy werk is gewis nie bedoel om lig op die hedendaagse samelewingsproblematiek te werp nie.

Die trek van die boere na die binneland as studieveld kan gevolglik verder deur historici ontgin word — nie as 'n blote hervertolking van Van der Merwe se werk nie, maar ook om nuwe aanvoorwerk te doen. So sou die vaslegging van houdings, denkpatrone en wêreldbeskouings (die *mentalité*) onder pioniersomstandighede — sover dit latere bevolkingsverhoudings raak —, die invloed van die *difaqane* op trekboeruitbreiding of die impak van veesiektes (waarna Van der Merwe soms verwys) onder meer in diepte ontleed kon word. Al die bronne is ook nog nie uitgeput nie — veral wat sendingargiewe betref.

Dit is gepas om na afloop van die Groot Trek-herdenkingsjaar (1988) aan die hand van Van der Merwe se werk daarop te wys dat 'n ander trek in die geskiedenis moontlik op die langtermyn 'n breër staatkundige betekenis gehad het in die sin dat dit selfs groter gebiede as die Groot Trek gekoloniseer het. Daarom word die hoop uitgespreek dat die Staatsbiblioteek ook die ander twee dele van die trektrilogie sal heruitgee.

*P.H.R. SNYMAN*
*Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing*




G-M. VAN DER WAAL. *Van mynkamp tot metropolis : die boukuns van Johannesburg 1886-1940*. Chris van Rensburg Publikasies vir die RGN : Pretoria, 1986. 267 pp. Geïll. R60,00 (eksklusief). ISBN 0 86846 039 7. (Ook beskikbaar in Engels as *From mining camp to metropolis*).

Die geskiedenis van die stad Johannesburg is dinamies en een van verandering. Van der Waal beskryf Johannesburg se ewig-polsende verandering in terme van sy stadsuitleg en -argitektuur. Sodoende word 'n huwelik tussen geografiese en argitektoniese detail voltrek.

Hoewel Johannesburg met sy hoë geboue en diep myne vandag 'n vertikale beeld het, was sy ontstaan horisontaal van aard. In die eerste van die vier hoofstukke, 1886-1890, is die klem begryplikerwys minder op die opslaan-sinkgeboutjies as op die uitgestrekte mynkamp as geheel. Dit was in die dae voor diepskagmyne.

Die oos-wes-parallellelyne, gevorm deur Hospitaalheuwel, die spoorlyn en die hoofgoudrif, het die ontwikkelingspatroon van mynkamp tot dorp bepaal. In die suide was die myne, in die middel die besighede en winkels en in die noorde, ooste en weste die woongebiede. Strate is in 'n roosterpatroon uitgelê — 'n patroon wat in die meer permanente geboue wat teen 1890 begin verskyn het, weerspieël is.

Die stadskarakter wat Johannesburg tot 1940 sou kenmerk, is reeds in die vroeë 1890's vasgelê: strate was eerder deurgangsweë as plekke van sosiale samekoms, pleine is beskou as oop stukke grond, ideaal vir (owerheids)-verbouing; kantoorgeboue het formeel en geslote voorgekom; winkels het met onafhanklike ontwerpe aandag getrek, terwyl winkelvensters elk 'n eiesoortigheid uitgestraal het. (Interessant dat die vroeë winkels meer torings as die kerke gehad het!) Privaatwonings het aanvanklik eksklusiwiteit nagestreef en met die natuurlike omgewing saamgesmelt. Mettertyd sou die boukuns van privaatwoongebiede egter al meer met die natuur kontrasteer.

In die res van die hoofstukke volg die skrywer 'n eenvormige styl. Die tydperk in elke hoofstuk word gedek aan die hand van die uitleg as geheel,